

22 Augustus 2 Konings 5:19-27, (Teks: 2:26, 27)

Sonde skuil dikwels in die gedagtes

As 'n mens lees wat die oordeel van Elisa oor sy dienskneg, Gehasi was, dink jy maklik dat Elisa darem te kras oordeel. Gehasi het mos nie die goedere van Naäman gesteel nie. Is dit maar 'n voorbeeld van hoe hard mense in daardie dae met 'n slaaf gewerk het?

Nee, God gee aan ons hier 'n voorbeeld van hoe 'n mens in jou gedagtes kan sondig. Hoe 'n mens God se eer op 'n kritiese oomblik deur jou selfsugtige gedagtes kan krenk en sy saak kan benadeel.

God se doel met Naäman se siekte en die genesing daarvan was om sy genade en sy bemoeienis met mense ook aan die vyande van sy volk te laat blyk. En hierdie genade skenk Hy mildelik en gratis. God wou aan sy eie volk en ook aan die heidene rondom toon dat Hy 'n profeet in Israel het. En Gehasi het met sy optrede 'n klad op God se werk laat kom.

Die erns van Gehasi se oortreding kom na vore toe Elisa vir hom uitspel wat werklik in sy gedagtes omgegaan het toe hy op pad was na Naäman. Gehasi het in sy gedagtes gesien hoe hy nie meer slaaf sou wees nie, maar baas en eienaar van 'n groot plaas en slawe wat vir hom werk.

Die Apostel Jakobus sê in 1:14 en 15 dat die sondes in die gedagtes ontstaan het. Ons moet daarteen waak dat sulke gedagtes nie bevrug word nie, want dit eindig in die dood. Dink eers voordat jy besin en hou altyd God se eer in gedagte.

Sing: Psalm 51:4

Ds. G.J. Ligthelm (Olifantshoek)